Gemeente: Kraggakamma

Sinode : NG Kerk Oos-Kaapland

A. Die Gesprekke

Kerkraad	Ja
Wyke	Ja
Kleingroepe	Ja
Lidmate: byeenkoms	Ja Gemeente-vergadering 21 Okt 2007
Lidmate: individueel	Ja
Ander	Nee

B. Konfessionele Basis

1. Dit aanvaarding van die Belhar Belydenis as voorwaarde vir kerkhereniging skep vir sommige lidmate ‘n probleem. Dit is vir sekere lidmate heeltemal onaanvaarbaar.
2. Die inhoud van die Belhar Belydenis word nie gekritiseer nie.
3. Die behoefte aan nog ‘n belydenisskrif is onduidelik vir baie lidmate.
4. Kennis oor die inhoud van die Belhar Belydenis is oor die algemeen beperk.
5. Die aanvaarding van nog ‘n belydenis sal nie noodwendig eenheid teweeg bring nie.
6. Die Belhar Belydenis het ‘n politieke konnotasie, wat vir sommige lidmate ‘n probleem skep.
7. Sommige lidmate voel ons mors tyd om hieroor te praat en verstaan nie waarom ons dit nie maar net kan aanvaar nie. Hulle voel ‘n ware besluit is nodig vir of teen, nie kompromieë nie.
8. Van die jonger lidmate voel dat hulle skaars weet wat in die huidige belydenisskrifte staan. Nog een sal dus nie kwaad doen nie. Hulle voel ook dat die huidige belydenisskrifte nie juis êrens funksioneer nie, so die Belhar Konfessie sal ook nie juis êrens funksioneer nie.

C. Model

1. Die huidige model van gemeentes wat as outonome regspersoon bestuur word met ‘n algemene sinode word verkies.
2. Afrikaans as voertaal is ‘n vereiste.

3. Kerkhereniging is ‘n poging om iets te korrigeer wat nooit moes gewees het nie.
4. Daar is oor die algemeen geen beswaar teen die vorming van een algemene sinode nie.
5. Sommige lidmate bevraagteken die meriete van kerkhereniging.
6. Dis onduidelik watter verskillende modelle beskikbaar is waaruit gekies kan word.

7. Sommige lidmate vrees dat gemeentes oorgeneem sal word deur lidmate van die dogterkerke by kerkhereniging in bv. klein dorpe waar die onderskeie kerke sal saamsmelt en die kerkraad verteenwoordigend van die bevolkingsamestelling sal wees.

8. Daar is lidmate wat voel dat die modelle ‘n kompromie verteenwoordig. Hulle voel ‘n vaste, duidelike besluit moet eerder geneem word, die assosiatiewe model gaan dus nie op nie.

D. <u>Gesamentlike Projekte</u>

1. Daar is reeds in baie gevalle gesamentlike projekte aan die gang.
2. Daar is nie besware teen gesamentlike projekte nie, solank dit gekoördineer word.
3. Samewerking op ringsvlak m.b.t. alledaagse probleme soos armoede, werkloosheid en ander maatskaplike probleme wor d voorgestel.
4. Samewerking op plaaslike vlak m.b.t. sake soos evangelisasie - aksies en sending uitreike word voorgestel.

E. <u>Versoeningsproses</u>

1. Versoening is volgens sommige lidmate se gevoel ‘n proses wat oor tyd geskied. Volgens ander was daar reeds skulderkenning gedoen aan die kant van NG Kerk en dit is aanvaar deur die dogterkerke en is daar nie nodigheid vir verdere soortgelyke aksies nie.
2. Versoening is iets wat in elke persoon se hart moet plaasvind..
3. Dit is nie aanvaarbaar om keer op keer “jammer” te sê nie, dit maak dit goedkoop.
4. Daar is oor die algemeen onsekerheid oor wie waaroor met wie moet versoen.

F. Naam

1. Die “NG Kerk” naam het sterk sentimentele waarde vir baie van
2. veral die ouer lidmate.
3. Sommige lidmate voel sterk dat die huidige naam behou moet word.
4. Sommige lidmate voel dat ‘n nuwe naam noodsaaklik is as ‘n nuwe herenigde kerk gevorm word, sodat ‘n nuwe begin gemaak kan word waar almal dan saam op gelyke voet deel word van ‘n nuwe kerk.
5. Behoud van Afrikaans as voertaal in die gemeentes, ringe en sinodes is belangrik.
6. Baie van die jonger lidmate voel dat die huidige naam geen relevante betekenis het nie, histories oud en irrelevant is. ‘n Nuwe naam sal dus verwelkom word, al is daar nie eens vinnige kerkhereniging nie.